Matteus 7:19-21 en Matteus 13:44-50
Nooit weer dieselfde nie

Liewe gemeente,

"Money makes the world go round." Hierdie gesegde wil sê dat met geld, enigiets moontlik is. Daarom leef ons ook so dat ons alles in ons vermoeë doen om genoeg geld en aardse besittings bymekaar te maak. Vir sommige het dit so 'n strewe geword dat dit allesoorheersend is en al is waarvoor hulle leef. Alles staan ondersgeskik aan die strewe om genoeg te hê. Huwelike en families word afgeskeep en selfs vernietig in hierdie ewige strewe na aards skatte.

Dit kan wees dat ons die Skrifgedeelte as volg lees en verstaan:
Die man het alles in sy vermoeë gedoen om die skat in die hande te kry. Hy het alles verkoop, sy lewe opgeoffer om hierdie skat te kry. Maar as ons dit so lees en verstaan, mis ons die skerppunt van die gelykenisse. Hierdie is koninkryksgelykenisse en stel ons die verhouding tussen aardse besittings en die koninkryk.

Die skat, pêrel en visse, is nie aardse besittings nie, maat tekenend van die koninkryk. Met hierdie gelykenisse moet ons gaan bepaal wat ware rykdom is. Volgens aardse terme is iemand ryk wanneer hy baie aardse besittings om hom vergader het, maar volgens die Woord is iemand ryk as hy deel is van die koninkryk van God.

Tog jaag ons die aardse besittings so na dat die koninkryk agterbly.

Die volgende 4 gedagtes rondom die gelykenisse en in besonder die skat in die land:
- † Die man was nie besig om die skat te soek nie, maar vind dit net. God gee die rykdom van die koninkryk aan ons sonder dat ons dit hoef te soek en te vind. Dit is in die Woord, in die kerk en deur sy Heilige Gees daar vir elkeen wat die skat wil hê.
- † Dit beteken nie dat ons onsself van die wêreld moet onttrek en nie werk en nie geld bymekaarmaak nie. Die man het tog 'n skat gevind, maar hy vind dit in die land by sy daaglikse taak.
- † Daar is 'n daad aan die vind van die skat gekoppel. Alhoewel hy die skat vind, behoort dit nie aan hom nie. Hy moet nog die skat sy eiendom maak.
- † Ons kan die koninkryk op net een manier ons lewenskat maak: Ons aardse besittings moet van nul en gener waarde word en ons verhouding met Christus ons alles. Die eiendom maak en hou van die koninkryk (ons verhouding met Jesus Christus) moet die eerste en enigste prioriteit van ons lewe word en bly.

Hoekom verwag God dit van ons?
Jou aardse besittings is verganklik. Dit kan breek, wegraak, gesteel word. Daarenteen kan jou hemelse skat nie roes nie, nie gesteel word nie en ook nie gebreek word nie.

Hoekom is dit dan dat ons die meeste van ons tyd en energie spandeer om ons op aarde te verryk ten koste van die koninkryk? Waarom laat ons die volmaakte rykdom agter en laat ons toe dat die wêreld eerste viool speel?
Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar en 'n nuwe werksjaar. Hier kan ons nou 'n besluit neem:

Ons kan toelaat dat die wêreld en aardse rykdom ons eerste prioriteit word of ons kan ons strewe maak om die koninkryk na te jaag en elke dag in ‘n lewende verhouding met Jesus Christus leef.

In God se oë is die ware en ewige skat, die koninkryk. Hy sal ons oordeel namate die toewyding wat ons aan ons hemelse skat gee. Want die wat nie die koninkryk as hulle doel en prioriteit gestel het nie, sal uitgesny en in die ewige vuur gegooi word.

Die man in die gelykenis se lewe het verander die oomblik toe hy die skat vind en dit sy eie maak. So word elkeen van ons met die kruis van Jesus Christus gekonfronteer. Ons kan ons teen die kruis vasloop, verby loop en dit raak ons nie, of ons kan voor die kruis staan, die skat in Jesus Christus vind en DIT verander ons lewe. Niemand wat met die skat van die koninkryk gekonfronteer word en dit sy eie maak KAN dieselfde bly nie.

Kyk na jou lewe... Jy wat die aardse dinge so najaag. Dit is ‘n skat van klatergoud. Jaag eerder die skat van die koninkryk, maak dit jou eie en ook jy sal nooit weer dieselfde wees nie.

AMEN
Ds Human Coetsee